

Penniefluitjie

Hallo Maats,

Julle het seker al gewonder wanneer julle weer 'n slag 'n Penniefluitjie kry - nou ja, hier is hy! Daar is 'n lekker woordraaisel op die agterblad - kyk of julle die weggesteekte woorde kan vind.

Gelukkig is die eksamens nou verby en ons is al weer somer in die middel van die jaar.

Julle moet die skoolvakansie geniet en somer baie pret hê!

Volgende kwartaal begin ons op die 22ste Julie met die 40-dae reeks wat die grootmense ook doen. Dit gaan oor hoe ons 'n lewe as Christene kan leef soos wat in Romeine 12 beskryf word. Julle kan gerus solank deur Romeine 12 lees - dis die sesde boek in die Nuwe Testament.

In September gaan ons weer lekker Mootkarnaval hou en daar gaan 'n hele klomp lekker en interessante goed spesiaal vir julle wees. Spaar nou somer van jou sakgeld iewers, sodat jy darem ietsie moois of lekkers vir jouself kan koop.

Baie dankie vir elkeen van julle wat getrou elke Sondag die kategese of Sondagskool kom bywoon. Dis heerlik om julle elke keer te sien en saam met julle van Jesus te leer.

Liefde in Jesus,

Tannie Lita

Ons Pappas en Mammass (en die Oupas en Oumas natuurlik ook) het hul eie nuusbrief!

Gesinne in Harmonie

Hulle kan dit op die kerk se webtuiste lees onder **Die Koffiepot** - dieselfde plek waar al die Penniefluitjie se uitgawes ook gebêre word!

En as hulle nie internet het nie, kan hulle net hul posadres vir ons gee en ons pos dit somer vir hulle.

Wie pas by wie?

Kyk bietjie of julle die name in die kolomme bymekaar kan pas - vra Pappa of Mamma om te help as jy vashaak.

Debora	Simson
Josua	Maria
Josef	Moses
Miniam	Dawid
Delila	Benjamin
Martha	Barak

**Junior Kategese
NG Rietfontein-Suid**

2012, Volume 1

Junie 2012

Wat is belangrik?

- Onthou om elke Sondag jou Bybel saam te bring!
- Jy moet jou Pappa of Mamma, Oupa of Ouma uitnoui om saam te kom kuier by die Kinderkerk en somer te kom kyk wat julle doen

Ons Klasse

- Vra bietjie vir Pappa en Mamma of hulle nie matte het wat hulle nie meer gebruik nie, sodat ons die klasse kan mooi maak
- Ons soek ook groot stukke hout om borde in die klasse teen die mure te sit, waarteen ons dan julle prente kan vasplak (of iets soos 'n kurkbord of "plywood")
- As Mamma of Ouma goed kan naaldwerk doen, vra 'n bietjie of hulle ons kan help om vrolike gordyntjies vir ons klasse te maak - ons sal die lap gee, maar ons soek iemand wat goed is met 'n naai-masjien om ons te help

Die Plaasboer en sy diere



'n Plaasboer ken al sy diere. Hy ken hulle name en wil die beste vir hulle gee. Hy sorg vir hulle kos, hulle slaapplek en dat hulle veilig is.

Kyk wat word in **Jesaja 49:15** gesê - Jesus weet alles van jou.

Hy het jou naam in Sy handpalm geskryf.

Is dit nie wonderlik nie? Dis net soos die plaasboer elke een van sy diere ken.


Die diere ken natuurlik ook die boer se stem en luister nie na ander mense se stemme nie. Net so moet ons na Jesus se stem luister - weet jy hoe om dit te doen?

Natuurlik - jy moet elke dag rustig jou Bybel lees en Sondae kerk toe kom, sodat jy God se boodskap kan hoor en meer van Hom kan leer.

Donkie


'n Donkie is 'n nederige dier. Terwyl ander diere op hom neergesien het, het Jesus hom gebruik om op te ry toe Hy in Jerusalem ingery het.

Die Koning het dus die nederige donkie gekies as rydier. Ons het Jesus as ons Koning in ons harte en daarom moet ons nederig wees en nie neersien op ander nie.



Skape


Het julle al gesien hoe 'n klomp skape saambondel as hulle by die kraal se hek moet ingaan? Hulle is 'n regte klomp hardkoppige en selfsugtige diere wat altyd stoei om eerste te wees.



Maar weet julle wat? Jesus gebruik baiekeer skape vir 'n voorbeeld as Hy van Sy kinders praat. Sy kinders is vir Hom baie kosbaar, net soos 'n herder se skape vir hom is. Onthou julle die storie van hoe die herder die een skapie gaan soek het toe hy weggeraak het? Lees bietjie **Jesaja 40:11**

Varke

Die groot verskil tussen skape en varke is dat varke daarvan hou om in die modder te rol en vuil te wees. Die varke op die plaas eet ook somer enigiets al is dit sleg.



Ons is baiekeer baie net soos die varke - ons hou van verkeerde goed doen en probeer goed al weet ons dat dit nie goed is vir ons nie.

Maar net soos wat die Boer baie lief is vir sy varkies, so is Jesus baie lief vir ons. As ons sê dat ons jammer is, vergewe Hy ons dadelik en vergeet daarvan.

Swane

Onthou julle hoe maak 'n swaan met haar klein swaankuikentjies as daar gevaar is? Sy maak hulle met haar vlerke toe!



Hoe beskerm ons onself? Ons trek klere aan om ons liggame teen die winterkoue te beskerm en, as ons siek word, drink ons die regte medisyne. Ons sluit ons huise en motors om ons teen boewe te beskerm.

Om ons harte te beskerm teen die duiwel, moet ons gereeld Bybel lees en God leer ken.




Lees Spreuke 4:23

Hier is 'n pragtige prentjie wat julle kan inkleur. Soek sommer Psalm 119:11 op en skryf dit op 'n mooi kaartjie om in jou Bybel te gebruik as boekmerk.

Het julle geweet dat Psalm 119 die langste Psalm is? Die kortste een is weer Psalm 117 - daar is net twee versies! Die een wat reg in die middel is, is Psalm 118.

Your word have I hid in my heart,
that I might not sin against you.

~Psalm 119:11



©A Kid's Heart at akidsheart.com

Penniefluitjie

Kontakdetails:
Lita Spreeth
(Junior Kategesehoof)

Telefoonnommer: 082 453 8421
E-pos: duimelita@gmail.com

Jesus het ons almal lief!



Liewe Ouers,

Ons wil graag hierdie jaar die klasse begin mooimaak en het ook julle hulp nodig.

As enigeen dalk 'n ou mat het wat nog bruikbaar is, sal ons dit waardeer - ons soek vir elke klas 'n mat waarop die kinders kan sit en speel.

Dan, as iemand kan naaldwerk doen - ons het gordyne vir die klasse nodig, maar ek het 10 duime as dit by naaldwerk kom! Ek sal die materiaal gee, maar soek iemand wat dit kan maak, asseblief! Dit sal wonderlik wees as julle ons kan help - laat weet asseblief.

Baie dankie, Lita

Ander soort diere en goed...

Vir tydverdryf in die vakansie het oom Casper Erasmus vir julle 'n woordsoek raaisel opgestel.

Onthou julle die storie van Moses? Toe hy die Israëliete uit Egipte moes laat trek, wou die Farao dit mos nie toelaat nie.

God het toe vir Moses gebruik om elke keer met die Farao te praat en verder het God tien plae gestuur voordat die Farao die Israëliete toegelaat het om te trek.

Al die plae was nie noodwendig diere nie, maar kyk 'n bietjie of julle al tien plae kan vind?

As jy sukkel om hulle te onthou, lees weer hoofstukke 7 tot 11 in Eksodus in die Ou Testament.

Geniet dit!

X	L	Z	A	F	S	H	T	R	A	L	F	C	P	G
E	F	M	P	N	Q	V	I	L	K	N	P	A	A	V
W	A	T	E	R	I	N	B	L	O	E	D	M	D	N
B	E	L	S	M	G	H	T	A	V	X	L	A	D	J
D	N	F	A	J	E	U	O	K	D	W	C	P	A	B
G	G	W	H	I	M	U	G	G	I	E	S	J	S	I
S	W	O	M	V	N	A	Z	J	B	M	T	I	K	U
P	C	N	F	Q	U	Q	C	Y	S	W	E	R	E	L
R	T	W	X	S	P	P	B	H	T	H	E	O	I	Z
I	B	D	V	M	G	Q	S	R	Y	A	K	S	X	T
N	X	O	W	X	F	V	C	Y	B	E	V	R	M	F
K	D	N	D	D	I	E	J	H	A	E	L	Z	S	O
A	C	K	Q	H	G	E	V	F	L	E	I	Y	K	U
N	R	E	D	K	R	G	P	Z	Y	Z	E	H	N	G
E	E	R	S	G	E	B	O	R	E	N	E	U	T	L